e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

27 Februarie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 4

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Kerk met integriteit

Wanneer ons oor die toekoms van die kerk praat, oor groei en vernuwing, dan is strategiese denke noodsaaklik. Strategiese denke is nie 'n poging om die toekoms met ons slim planne te beheer of te bepaal nie. Strategiese denke vereis dat ons dié sake wat eie aan die wesensaard van die kerk is, sal identifiseer en doelbewus in die kerklike praktyk sal bevorder. Dit sal tot 'n groot mate bepaal of die Hervormde Kerk met integriteit kerk kan wees...

Die Hervormde Kerk moet onderskeidend leef

Om met integriteit kerk te wees, vereis dat ons voortdurend luister na die Woord van God. Onder leiding van die Heilige Gees en op grond van die Woord moet ons onderskei wat die wil van God is. Om Christen te wees en kerk te wees, beteken om na God te luister; om leerbaar te wees; om te onderskei wat God se wil is; om met jou oor naby die mond van die Here Jesus te leef. Bekering beteken dat jy Jesus Christus as Leermeester het, luister na sy woorde en daarvolgens leef. Bekering impliseer dissipelskap, 'n lewenswyse wat getuig daarvan dat ons in die voetspore van Christus volg. Luister, leer en doen, lei tot die lewe (Matt 7: 24-29).

Die Hervormde Kerk moet vreesloos getuig van God Drie-enig

Om met integriteit kerk te wees, moet die kerk sonder vrees die Woord van God verkondig. Ons moet getuig van die Here God wat as Vader, Seun en Heilige Gees aanbid en verheerlik moet word. Daaroor bestaan geen verskil van mening nie. Tegelykertyd staan ons verleë oor ons onvermoë om die wêreld met die evangelie te bereik. Daarom het die Hervormde Kerk die afgelope paar jaar begin praat oor 'n missionale ekklesiologie en bedieningspraktyk.

Die teologiese onderbou van 'n missionale ekklesiologie is te vind in ons verstaan van die *missio Dei*, naamlik dat God nog altyd in die wêreld besig is en mense tot geloof bring. Die bekende Switserse teoloog Karl Barth was instrumenteel daartoe dat *missio Dei* die mees invloedryke teologiese konsep van die 20ste eeu geword het. As die Hervormde Kerk daarvan gebruik maak in die herformulering van ons kerkbegrip en gemeentelike bedieningspraktyk, is dit eintlik niks nuut of vreemd nie. Inteendeel: Dit bied ons die taal en gereedskap om getrou te bly aan die wesensaard van die kerk en ons roeping om van die evangelie te getuig.

Die Hervormde Kerk moet diensbaar wees...

Om met integriteit kerk te wees, moet ons werklik diensbaar wees. Jesus Christus het mense in hul nood aangeraak en versorg. In die voetspoor van Jesus het Augustinus geleer: *Verkondig die evangelie en as dit nodig is, gebruik woorde...* Die vroegste Christelike gemeentes het sonder huiwering by die nood van mense betrokke geraak. Byvoorbeeld: Met die uitbreek van epidemies het hulle gehelp om siekes te versorg. Die feit dat baie Christene in die proses siek geword en self gesterf het, het die geloofwaardigheid en integriteit van die Christelike geloof bevestig. Gemeentes moet met groter ywer God se liefde en barmhartigheid sigbaar maak. Gemeentes is verantwoordelik en geroep om mense in hul fisiese en geestelike nood te ondersteun.

Die Hervormde Kerk moet mense eerder insluit as uitsluit

Jesus se optrede was 'n toonbeeld van inklusiwiteit. Hy het mense ingesluit in sy kring, ook dié wat deur ander as onrein en onbelangrik beskou is. Calvyn het (in aansluiting by Augustinus) ons daarop gewys *daar is baie skape buite die kerk, en baie wolwe binne die kerk...* Daarom moet ons nie té noukeurig probeer onderskei wie die ware en wie die valse gelowiges is nie, wie in is en wie uit is nie. Ons kan nie mense op grond van vermeende sonde of sosiale onaanvaarbaarheid van die kerk uitsluit nie.

Dr Wim Dreyer, Voorsitter: Kommissie van die AKV

(Die volledige teks van dr Dreyer se openingsrede by die HTK se amptelike opening kan gelees word by **www.hervormer.co.za** *→ Teologiese gesprek.)*



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Ds Jan Wilson

- **Prof Natie van Wyk** van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) het twee ligamente in sy skouer geskeur en 'n operasie ondergaan. Ons wens hom spoedige en algehele herstel toe.

- Op Sondag 9 Februarie het **ds Jan Wilson** vir die eerste keer na die ernstige motorongeluk van 27 September verlede jaar weer sy toga aangehad en gepreek. Hy is na die ongeluk in die onderlyf verlam. Die foto is geneem by Gemeente Declercqville waar hy die aanddiens waargeneem het.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Vir die ouer persoon met verswakte sig word sosialisering met ander mense besonder moeilik, veral wanneer die persoon se gehoor ook verswak het en hy of sy baie op liplees moet staatmaak om met ander te kommunikeer. Wees dus bedag daarop dat die bejaardes in jou omgewing as gevolg hiervan kan vereensaam. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Gemeentes word herinner aan die besluit van die AKV dat die erediensoffergawes **(deurkollektes) van Hervormingsondag** jaarliks aan die **Bybelgenootskap van SA** oorbetaal word. Gemeentes wat reeds die kollektes van 27 Oktober 2013 oorbetaal het, word van harte bedank. Gemeentes wat dit nog nie gedoen het nie, word vriendelik versoek om dit asseblief voor die einde van die Kerk se finansiële jaar **(28 Februarie 2014)** te doen. Gemeentes word ook herinner aan die bydraemikpunt van **R40** per belydende lidmaat vir die 2014 boekjaar van die Bybelgenootskap (1 November 2013 tot 31 Oktober 2014) – bereken aan die hand van die getalle van die gemeentetelling van Augustus 2013.

- Na afloop van die 70ste AKV en die implementering van die nuwe Kerkorde, maak gemeentes steeds gebruik van die ou beroepsbriewe. Die **gewysigde beroepsbriewe** (in lyn gebring met die besluite van die AKV) is by die kantoor van dr Frikkie Labuschagne beskikbaar, by **karen@nhk.co.za**.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **eerste Sondag van die Lydenstyd (*Invokabit*) – 9 Maart**: "Die naam van die eerste Sondag van die Lydenstyd word afgelei van die eerste woorde van die Latynse weergawe van Psalm 91: 15: *Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor.* In die prediking word aandag gegee aan Jesus se versoeking in die woestyn (Matt 4: 1-11) direk ná sy doop deur Johannes in die Jordaan. Martin Luther se preek oor hierdie teks in 1522 (wat beskikbaar is op die internet) word as een van die belangrike bronne van die Protestantisme beskou. Die tema is geskik vir 'n kategismuspreek (die sesde bede van die Onse Vader). Die versoekingsverhaal uit Genesis 3: 1-24 kan ook voorgelees word. Die weeklikse Bybelstudie en/of jeugbyeenkoms kan fokus op die bose versoekings van die lewe. Gesange 470, 471 en 477 kan gebruik word."

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Germiston** vind plaas op Sondag 9 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Alberton-Wes.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Noord-Kaapland** vind plaas op Saterdag 15 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Vaalharts in Hartswater.

- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek

het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com**.

Allegaartjie

- **Die kinders van Israel**
  Meneer, sê klein Jannie, *daar is iets wat ek nie verstaan nie.*
  En wat is dit, Jannie? vra Meneer.
  Volgens die Bybel het die kinders van Israel die Rooisee oorgesteek, reg nè?
  Ja, dit is so.
  En die kinders van Israel het teen die Filistyne oorlog gemaak, reg?
  Ja, Jannie.
  En die kinders van Israel het die tempel gebou, reg?
  En die kinders van Israel het teen die Egiptenaars geveg, en teen die Romeine geveg, en die kinders van Israel het altyd iets belangriks gedoen, reg?
  Wát is jou vraag, Jannie? vra Meneer.
  Wat het die grootmense gedoen, Meneer?

Gemeentes moet asseblief daarop let dat SENTIK se boekwinkel op Maandag 3 en Dinsdag 4 Maart gesluit sal wees vir voorrraadopname. Geen oproepe sal dan beantwoord word nie, geen pakkies sal afgehaal kan word nie, en geen personeel sal beskikbaar wees nie.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

o Vrydag 28 Februarie:	Ds A (Anneline) Geyer (Kempton Park-Oos) en HP (Herman) Meyer (Steelpoort)
o Saterdag 1 Maart:	Di Y (Yolandé) Benadé (Westonaria) en C (Chantel) Francis (beroepafwagtend)
o Sondag 2 Maart:	Di JM (Johan) Delport (Wapadrant) en EG (Etienne) Fourie (Kempten)
o Dinsdag 4 Maart:	Ds JLJ (Johan) Smit (emeritus)
o Woensdag 5 Maart:	Di JPC (Jasper) van der Westhuizen (Randfontein Midpark) en WC (Wouter) van Wyk (Verwoerdburg)
o Donderdag 6 Maart:	Ds M (Mariaan) Delport (Sionspoort)
o Vrydag 7 Maart:	Ds DJ (Deon) du Toit (Verwoerdburg)

Baie geluk ook aan ds A (Aniena) Prinsloo (Klerksdorp Doringkruin) wat eintlik op 29 Februarie verjaar!

Beplande vergaderings

o Donderdag 27 Februarie:	TOIBO
o Vrydag 28 Februarie:	OSR Opleiding
o Maandag 3 Maart:	Aksiegroep vir Bejaardes
o Dinsdag 4 Maart:	Kuratorium
o Woensdag 5 Maart:	Direksie van die Kinderhuise
o Donderdag 6 Maart:	Kommissie van die AKV OSR Personeeldag
o Vrydag 7 Maart:	Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting

- **BEKENDSTELLING VAN VONKK-LIEDERE**
  Na aanleiding van die AKV se besluit dat VONKK-liedere op ’n proefbasis in die eredienste gebruik kan word, nooi ons alle gemeentes (predikante, orreliste, eredienswerkgroepe en enige belangstellendes) uit na ’n bekendstelling van VONKK-liedere wat gehou sal word op **Saterdag 8 Maart** van 09:00 tot 13:00 by **Gemeente Pretoria-Oos**. ’n Seleksie uit die VONKK-liedereskat sal bekendgestel word, asook die moontlike gebruik daarvan in eredienste. Daar sal gekyk word na die begeleiding van die liedere en die rol van ’n koor/kantory. Daar sal BAIE saam gesing en geluister word. Na afloop van die geleentheid sal gemeentes ’n goeie prentjie hê van die rykdom wat in die VONKK-liedere opgesluit lê en hoe dit in die erediens gebruik kan word.

  Gemeentes wat nog nie by VONKK ingeskryf is nie, kan die nodige dokumentasie tydens die geleentheid invul, en geheuestokkies met die grepe van opnames van die liedere sal te koop wees. Die koste aan die oggend beloop **R50 per persoon**. Bespreek vroegtydig deur ’n e-pos te stuur na **ptaoos@nhk.co.za**. Meld asseblief die gemeente asook die aantal mense waarvoor gereed gemaak moet word. Vir enige navrae, skakel ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979 (namens NHKA-medewerkers by VONKK).

- **DANIËLKONFERENSIE: 15-16 Maart**
  NG Kerk Leeudoringstad
  Al die kerke van die gemeenskap bied dit saam aan
  Meer inligting by 018 581 2801 / **www.danielmannekonferensie.co.za**

Prof Elsabé Kloppers

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**
  Hierdie Diploma bied ’n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in ’n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by **kloppec@unisa.ac.za** of **elsabekloppers@gmail.com**.

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **2-slaapkamer-woonregwoonstel te Frans Boshoff (Brooklyn)**
  Prys: R358 800
  Die eenheid is op die 1ste vloer van FB2
  en het ’n klein balkon by die sitkamer
  Hierdie is rustige area en naby winkelsentrums
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**
  Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
  In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
  Pryse tussen R150 en R200
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Besoek Israel van 26 Maart tot 5 April**
  Toerleier: Dr André Ungerer
  Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië, die piramides en die sfinks
  Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
  E-pos: **andreung@telkomsa.net**

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943

Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Oskar en die pienk tannie**
  Donderdag 27 Februarie om 19:00
  Sandra Prinsloo se eenvrouvertoning
  By Hoërskool Ben Vorster
  Kaartjies R110, R130 en R150
  Bespreek by Maryna Roodt by 015 307 4508 / 083 415 2851 / **nhkerktzn@mweb.co.za**
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514 / **richard@nhk.co.za**

- **Gemeente Kaapstad: *Somer-Kosfees***
  Vrydag 28 Februarie vanaf 17:00
  Te Tygerberg, ME Rothmanstraat, Parow-Noord
  Navrae aan Johann Smith by 076 326 1322

- **Gemeente Pretoria-Oos: Damesbyeenkoms**
  Saterdag 1 Maart vanaf 09:00
  Tema: *God in die stilte*
  Spreker: Vicky Fourie (Mej Dowe SA)
  In Pretoria-Oos se kerkgebou
  R30 per persoon
  Antwoord by enige van die volgende:
  Kerkkantoor: 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Erasmé Oosthuizen **erasme@cakes.za.net**

- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**
  Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller
  As jy ’n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders
  Groot pryse te wen
  Kontak Jan Claassen by **two.oceans@yahoo.com** / 084 400 5137
  of Rene van Tonder by **fiesta@nhknaboomspruit.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 1 Maart: Gemeente Witfield: Herfsfees**
  Wen groot pryse met kaskarresies, modelkompetisie en potjiekoskompetisie

Veteraanmotorskou, gaskunstenaars en kosstalletjies
Sluit aand af met ’n Herfsdans
Stalletjies te huur @ R200 elk
Navrae aan Alida Reed by **nhkwitfield@gmail.com**

- **Saterdag 1 Maart: Gemeente Sasolburg: Basaar**
  Vanaf 08:30 by Pick n Pay se parkeerterrein
  Oorkant Midas, Sasolburg
  Iets van alles en nog wat
  Trekking van wenners van W*en ’n slagbees*-kompetisie om 12:00
  Navrae aan ds Frans Redelinghuys by 016 976 4222 / **fransred@nhk.co.za**

- **Saterdag 8 Maart: Gemeente Ebenhaézer (Ellisras): BoereRumoer**
  Met Tjiff en Tjaff, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Ricus Nel
  R20 per volwassene en R10 per kind
  Wen ’n Simmentalerstoet, jagpakket, vakansieverblyf en vleis
  Kontak Rita Kern 083 328 4465 / Marian 084 745 1054 / **ritakern1@yahoo.com**

- **Saterdag 15 Maart: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  Hervormde Kerkterrein vanaf 07:30
  Tema: *Liedjie-Makietie*
  Heerlike eetgoed, vleis, groente, *jukebox*, vlugbaltoernooi, ens
  Navrae aan **nhbhs@telkomsa.net** / 013 932 2929

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad Kempton Park** benodig **paaseiers (bokse waarin 48 sjokoladepaaseiers is)** vir hul Paasfeesprojek in Tembisa. Indien iemand hiermee kan help of ’n bydrae wil maak, kontak Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 391 2833 gedurende kantoorure.

- Die **Ondersteuningsraad Brakpan** benodig dringend **liasseerkabinette**. Indien enigiemand oor kabinette beskik of ’n bydrae hiervoor wil maak, kontak asseblief vir Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 740 9310 gedurende kantoorure.

- Die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** benodig dringend ’n **tweedehandse lessenaar** en **20 plastiekstoele** vir die aanbieding van projekte. Indien iemand hiermee kan help of ’n bydrae kan maak, kontak Ina Grobbelaar by 071 684 7865, of skakel die kantoor by 011 953 1200 / 011 952 1197 gedurende kantoorure.

- Die Ondersteuningsraad (OSR) beskik tans oor ’n vakature vir ’n **voltydse maatskaplike werker in Pietersburg.** Die minimumvereistes vir die pos is

BA(Maatskaplike Werk); registrasie by die Maatskaplike Raad (SACSSP); moet beskik oor ’n geldige bestuurslisensie; en moet Afrikaanssprekend wees. Aansoeke (CV’s) kan gestuur word aan Henriëtte Els (programbestuurder) by **oraadlimpopo@gmail.com** / 014 717 3589 (faks), en sy kan gekontak word by 071 684 7912.

- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend ’n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is ’n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of **hoof@mdup.co.za** vir meer inligting.

- Die **Marthie de Bruin-sentrum** is ’n klein skool in die ooste van Pretoria vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes. Hulle maak baie staat op fondsinsamelings. Nicholis Louw het ingestem om gratis vir hulle ’n konsert te hou op **Vrydag 28 Februarie by die Choose Life Centre in Moreletapark**. Daar is ’n paar BBP-kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon, en die res van die kaartjies is gratis! Al wat hulle dan vra, is ’n donasie vir die skool. Koop kaartjies by **www.itickets.co.za**. Donasies kan deur iTicket gekanaliseer word, of tydens die konsert gemaak word. Kontak Marieta Vorster by 082 876 0432 of **marieta.vorster@vodamail.co.za**.

- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
  NG Kerk Moreleta, R300 per persoon
  Kontak **natasha.felix@up.ac.za** of skryf in by
  http://itickets.co.za/events/322183/Pretoria,_Gauteng_GT/Church_Planting_Conference.html
  Sprekers sluit in Alan Hirsh, Debra Hirsch, prof Stefan Paas, Tom Smith, dr Frederick Marais, dr Stephan de Beer, prof Stephan Joubert, prof Nelus Niemandt, dr Wim Dreyer en dr Willem Pretorius

- **Trauma-ondersteuningskamp vir naasbestaandes van geweldslagoffers**
  Datum: 21-23 Maart 2014
  Plek: Paradeisos-kampterrein, ’n halfuur vanaf Pretoria
  Koste: R450 per peroon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Vir meer inligting en inskrywing: Kontak Elize Perrin by 072 600 5809 / **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**

AGTERBLAD



Foto: Hanlie van Tonder

Gebed vir die week

O Vader, gee beskerming aan die nuwelinge,
gee dat die kindertjies insig sal kry
en onderskraag dié wie se paadjie aan die uitloop is.
Gee dat die onverskilliges berou sal hê
en dat die louwarmes die krag van die Gees sal beleef.
Ons bid dit in die Naam van Christus Jesus, ons Here.
(Irenaeus, Biskop van Lyon, gebore in 130, sterf marteldood in 202)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx